

`n Basislyn vir die Suid-Afrikaanse Aartappelbedryf :

Wat kan moontlik met pryse en hektare in 2011 gebeur?

(Dr Ferdi Meyer - BFAP - en Pieter van Zyl – ASA)

Die simulasie model wat deur die *Buro vir Voedsel en Landboubeleid* (BFAP) in samewerking met Aartappels Suid-Afrika vir die Suid-Afrikaanse aartappelbedyf ontwikkel is, is aangewend om `n aantal interessante scenarios rondom moontlike aanplantings en gemiddelde markpryse vir 2011 te ontwikkel. Dit is belangrik om in ag te neem dat hierdie scenarios ontwikkel is aan die hand van `n spesifieke stel aannames wat gemaak is rondom eksterne- of makro faktore, soos die olieprys, wisselkoers, ekonomiese groei, asook rentekoerse, inflasie en reënval. Die model is nie ontwikkel om vooruitskattings te doen nie, maar eerder om `n reeks scenarios te toets wat moontlik kan ontwikkel, gegewe `n sekere stel aannames. Gevolglik word die model gebruik om die onderliggende fundamentele drywers van `n industrie te bepaal en ook hoe eksterne skokke (scenarios) die sisteem moontlik kan verander.

Figuur 1 beeld die nasionale area geplant vir die onderskeie produksiejare teenoor die nasionale gemiddelde markprys uit - soos gerealiseer op die varsproduktemarkte. Werklike data word gebruik tot 2009, geskatte waardes vir 2010 en geprojekteerde waardes vir 2011. Gegewe die huidige stel aannames word verwag dat die nasionale area geplant onder aartappels met nagenoeg 2100 hektaar kan daal in 2011. Dit kan tot gevolg hê dat die gemiddelde markprys vir 2011 vanaf die verwagte R25 per 10kg sakkie vir 2010 kan styg na ongeveer R27.50 per 10kg sakkie, aldus die figuur. Die laer aanplantings in 2011 is te wyte aan die laer markpryse wat vanjaar gerealiseer word, asook insetkostes wat nie ook dienooreenkomstig daal nie.

Dit wil egter voorkom asof vanjaar se gemiddelde markprys dalk eerder in die omgewing van R27 tot R28 per sakkie kan wees, afhangende van Limpopo se hoofoes. Dit kan moontlik beteken dat volgende jaar se aanplantings sywaarts kan beweeg en nie daal soos in Figuur 1 nie.

As gevolg van mielieprys wat tans erge afwaartse prysdruk ervaar, het baie onsekerheid in die mark ontstaan oor die moontlike impak van lae mielieprys op die aanplanting van aartappels. Die groot vraag is of produsente eerder aartappels sal plant, gegewe die swak mielieprys. In die projeksie wat in Figuur 1 geïllustreer is, is die aanname gemaak, van `n witmielieprys op Safex, van R1 200/ton vir 2011. Om te meet hoe sensitief die aartappel aanplantings vir mielieprys is, is die witmielieprys vir 2011 afwaarts aangepas met 25% na slegs R906/ton. Die resultate van die scenario word aangebied in Figuur 2. Die figuur toon duidelik dat met `n 25% daling in die witmielieprys die area onder aartappels met slegs 0.63% styg. **Dit is dus duidelik dat die impak van die mielieprys op nasionale aartappelhektare klein is.**

Figuur 1: Totale aartappel aanplantings & gemiddelde markprys



Figuur 2: Impak van 25% daling in mielieprys op aartappel aanplantings